

Psalm 8 (Heer, onse Heer)

Oorspronklike title: Psalm 8

Teks en musiek: Lydia Zimmer

Afrikaanse vertaling: Willie Pretorius

© Celmar Music

*Heer, onse Heer,
hoe magtig is U naam
oor hierdie aarde.
Heer, onse Heer,
hoe magtig is U naam
oor hierdie aarde.*

Sien ek die hemel,
die werk van U hand,
son, maan en sterre
het U daar geplant.
Die hele aarde
en alles wat leef,
dit is so ongelooflik, Heer,
dat U dit aan ons gee.

Heer, onse Heer ...

Wie is ek, Heer,
dat U selfs aan my dink.
U gee my aandag,
U noem my U kind.
U gee my alles,
ek kom niks te kort.
En daarom dank ek U
want U` s die allerhoogste God.

Heer, onse Heer ...